
*Heerlike!*

# POTJIEKOS KOMPETISIE



BIELIEMIELIEFEES

**DONDERDAG**

**22**

**FEB 2024**

**13:00 - 17:00**

**TWEE PER SPAN**

FREE **GRATIS OM IN TE SKRYF**

## GROOT PRYSE TE WEN!

Kontant, vakansies en produkte ter waarde van **R50 000.**

Besoek ons webwerf vir meer inligting, kompetisiereëls & beoordelingskriteria.

KAUFMANN

TO Strand Beach Resort

Freddy Hirsch

www.**bieliemielie**.co.za

Standard Bank · OFM · vkb · PIONEER · TotalEnergies · DEKALB · CASE IH

# Bieliemielie-potjiekompetisie 2024
# INSKRYWINGSVORM | ENTRY FORM

SPAN SE NAAM / TEAM NAME: ____________________________________________

Deelnemers se name | Participant's names:

____________________________________________

Kaptein van die span | Captain of the team:

____________________________________________

Selfoonnommer | Cell phone

____________________________________________

E-pos-adres | Email address:

____________________________________________

Naam van potjie | Name of "potjie":

____________________________________________

Voertuig se reg.-no. | Vehicle's reg.no.:

____________________________________________

**Inskrywings moet ge-epos word na:**
**Janine Linde**
**Steynjanine075@gmail.com**
**of**
**Whatsapp na: 084 723 6800**

# Bieliemielie: Potjiekos-kompetisie

# DONDERDAG 23 Februarie 2024

# GROOT PRYSE TE WEN: KONTANT, VAKANSIES EN PRODUKTE TER WAARDE VAN R50 000

**Algemene inligting:**

- Volgens die amptelike programtye begin die potjiekos-kompetisie stiptelik om 13:00 en eindig om 17:00.
- Beoordeling vind plaas vanaf 17:00 tot 18:00. Indien die potjie voor die tyd gereed is, sal beoordelaars dit dadelik beoordeel. Alle braaigeriewe en gazebo's moet teen 18:00 afgeslaan of verwyder wees.
- Die wenners sal tussen 18:00 en 18:30 deur die hoofbeoordelaar op die verhoog aangekondig word voordat kunstenaars optree.
- Al die potjies moet van nuut af voorberei word op die dag van die kompetisie. Alle kos moet in 'n tradisionele gietysterpot of potjie gaargemaak word. Die potjies word stiptelik vanaf 18:00 beoordeel, so alle voorbereidings moet teen daardie tyd voltooi wees.
- Vooraf marineer van vleis/pluimvee/seekos sal wel toegelaat word.
- Pot moet genoeg wees vir SLEGS 4 PERSONE.
- Jy en/of jou span se fisieke deelname aan hierdie kompetisie wys jou/julle stilswyende aanvaarding van al die Potjiekos-kompetisiereëls soos hieronder uiteengesit sonder enige uitsondering.

**Kompetisiereëls**:

- Die kompetisie is oop vir alle ouderdomme.
- Elke span moet bestaan uit 'n maksimum van twee deelnemers.
- Aan elke deelnemer of span sal 'n area voor die paviljoen toegeken word.
- Deelnemers moet al hul eie bestanddele vir die gereg verskaf.
- Deelnemers moet al hul eie toerusting verskaf wat nodig is om die gereg te maak. Bring jou eie tafels, stoele, gazebo, gasstoof, potjiepot, eetgerei, ens. (Geen vure word toegelaat nie.)
- Deelnemers moet te alle tye behoorlike veiligheids- en higiënepraktyke nakom.
- Elke deelnemer moet sy eie area opruim en dit in dieselfde toestand laat as wat dit gevind is. Dit sluit die skoonmaak van jou eie potjie in.

**Potjiekos-reëls**

Weens neut- en skulpvis-allergieë, moet jou inskrywing dit so aandui indien dit enige spore van neute of skulpvis in enige van die bestanddele bevat, of indien enige neut- of skulpvisproduk gebruik is (bv. mossels, garnale, kreef, ens.).

**Beoordelingskriteria**

- Beoordelaars sal al die kookplekke besoek terwyl die potjies voorberei word.
- Die beoordelaars sal die kookarea beoordeel op grond van die algemene gees, oorspronklikheid, voorbereidingstegnieke en algemene indrukke (netheid) en die potjie op grond van voorkoms en smaak.
- Potjies sal aan die volgende kriteria gemeet word: aroma, kleur, smaak, tekstuur, bestanddele, werkarea-netheid en algehele karakter (sien verduideliking hieronder).
- Die beoordelaars se beslissing sal finaal wees.
- Jou potjie sal 'n algehele telling van tussen 1 en 10 ontvang op die evalueringskriteria:

1-2 = Swak
3-4 = Bevredigend
5-6 = Goed
7-8 = Baie goed
9-10 = Uitstekend

**Potjie-gereg-kriteria**

**Aroma**:
Algehele geur, kenmerkende aromas, aangename of skerp geur, kenmerkende gemengde geure of brandreuke, reukloos.

**Kleur:**
Natuurlike kleur, kenmerkende kleur van bestanddele, gevarieerde kleur, kleurvol, aantreklik, interessant of sonder karakter, dof of vaal, vleis bruin.

**Smaak:**
Aromatiese of skerp geur, interessante of pikante kwaliteit, effense geur, spesifieke geur of gebrek aan geur, hoeveelheid speserye wat gebruik is – aptytlik of bitter, bederf of vaal.

**Tekstuur:**
Mondgevoel en voorkoms van kos, interpretasie van vleis en groente. Groente het steeds vorm (nie pap of stukkend gekook nie), gaar, oorgaar of halfgaar.
Groente moet hul vorm en karakter behou.

**Bestanddele:**
Gebruik van ongewone bestanddele of kooktegnieke. Onthou net, duur bestanddele maak nie noodwendig 'n lekkerder pot nie.

**Kookarea:**
Gebruik van eie implemente, (potte, messe, snyplanke, ens.), netheid van werksarea, opruiming, higiëne, algemene gees in die span, oorspronklikheid, voorbereidingstegnieke en algemene indrukke.

**Pryse**
Die wenspan sal pryse/kontant ter waarde van R20 000 ontvang. Dan natuurlik ook "bragging rights" as die Bieliemielie-potjiekos-wenner 2024.
Die span in die tweede plek sal pryse ter waarde van R10 000 ontvang.
Die derde plek-wenners sal pryse ter waarde van R5 000 ontvang.

Die hoofbeoordelaar se beslissing is finaal.